# Vryers, Vriende en Familie

## Vriendskap (Philía)

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 22 Februarie 2026

Jou verhoudings is die venster van jou geloof. Ongelowiges kyk na jou huwelik, jou huisgesin, jou vriendskappe. Jesus gesê:

**Johannes 13:35**

Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.

Daarom is kyk ons vir ’n paar weke na ons verhoudings deur die lens van die vier Griekse woorde vir liefde. Vandag fokus ons op Philía, die liefde van vriendskap.

Het jy al ooit in ’n tou by Checkers gestaan, en die persoon agter jou staan net... te naby? Jy kan amper sy asem in jou nek voel, en al waarvoor jy wens is om die dertig sentimeter van jou binnegedringde spasie terug te kry. Of dalk loop jy verby ’n goeie kennis se huis en wil graag hoor hoe dit gaan, maar hy bly op die stoep, 15 meter ver, arms gevou, en die fisiese afstand is so hinderlik jy verloor jou vrymoedigheid om te gesels.

Hierdie gevoel is nie sommer iets subjektief nie. ’n Antropoloog met die naam Edward T. Hall het sy hele lewe daaraan gewy om hierdie fenomeen te bestudeer. Hy noem dit "Proxemics"—die studie van hoe veral vier fisiese afstande, sones, tussen mense verskillende grade van verhoudings weerspieël

**Die Publieke Sone (meer as 3.7m):**

Die afstand van ’n verhoog tot die gehoor. Veilig, maar anoniem.

**Die Sosiale Sone (1.2m tot 3.7m):**

Die afstand vir kennisse, kollegas, die geselsie by die kerksaal. Beleefd, maar oppervlakkig.

**Die Persoonlike Sone (46cm tot 1.2m):**

Die spasie van vriendskap waar ons stories en harte deel.

**Die Intieme Sone (0 tot 46cm):**

Die plek van aanraking, gereserveer vir huweliksmaats, kinders en boesemvriende in tye van diepe hartseer of vreugde.

In hierdie vier ruimtes lê die dinamieka van ons verhoudings, 'n dinamieka wat in 'n digitale eeu gevaarlik uit ballans geraak het, waar publieke en sosiale ruimtes tot die maksimum opgeblaas het. Ons kommunikeer meer digitaal as in as in die fisiese spasies van verhoudings. Ons het honderde, selfs duisende, "vriende" op sosiale media, en tog, hoe voller en luider ons sosiale ruimte word, hoe leër en stiller word ons persoonlike en intieme ruimtes.

Die statistieke is kommerwekkend, 'n aanklag teen ons moderne leefwyse. Navorsing toon dat die persentasie mense wat sê hulle het géén hegte vriende in wie hulle kan vertrou nie, die laaste drie dekades vervierdubbel het. Een uit elke agt volwassenes voel hulle het niemand in hulle persoonlike of intieme kring nie. Die Wêreldgesondheidsorganisasie beskryf eensaamheid nou as 'n dringende, globale gesondheidskrisis, en volgens die Amerikaanse openbare gesondheidsdiens is die impak van chroniese eensaamheid op jou lewensduur gelykstaande aan die rook van vyftien sigarette per dag. Dit verhoog jou risiko vir hartsiektes, beroertes, demensie en depressie dramaties.

Philía is duidelik nie 'n luukse opsionele ekstra nie. Dis 'n Godgegewe, sielkundige en biologiese noodsaaklikheid vir gesonde menswees. En die afwesigheid of kunsmatigheid daarvan is een van die groot krisisse van vandag.

Dink aan Jesus se bediening. Hy het nie 'n kantoor of 'n selfoon gehad nie. Hy het nooit een Whatsapp gestuur nie. Hy het nie een Facebookvriend gehad nie. “Come follow Me” het nie na Tik-Tok verwys nie.

Sy bediening het plaasgevind rondom tafels. Hy het by sondaars se tafels aangesit, by Fariseërs se tafels, by sy vriende se tafels in Betanië. Tafel van gasvryheid, hartlikheid, van stories deel, van brood breek, van siel-tot-siel konneksie.

Navorsing is skokkend. Sestig jaar gelede was die gemiddelde aandete-tyd negentig minute. Vandag is dit minder as twaalf minute wanneer dit wel gebeur. Ons het die tafel verruil vir die rusbank voor die TV, of ons eet sommer in die kar op pad huis toe. En ons betaal die prys in die vorm van eensaamheid en gebroke verhoudings.

Hoe gaan dit met die tafel in jou huis? Sit jou vriende dikwels daar? Is daar vriendskap, Philía?

## Die ‘Onnodige’ Wonder van Philía

Wat is hierdie liefde dan, wat so verrykend en noodsaaklik, maar tog so broos is? C.S. Lewis, in sy boek, The Four Loves, maak die stelling dat vriendskap, anders as die ander liefdes, biologies onnodig is. Eros, die romantiese liefde, is nodig vir die voortbestaan van ons spesie. Storgé, die familie-liefde, is nodig om ons kinders groot te maak. Maar vriendskap? Jy het dit nie nodig om te oorleef nie.

"Friendship is unnecessary, like philosophy, like art... It has no survival value; rather it is one of those things which give value to survival.” (C.S. Lewis)

Dit beteken dat om vriendskap te kies een van die dinge is wat die lewe verhef van blote oorlewing tot ’n hoër vlak van bestaan.

Hoe word hierdie ‘onnodige’ wonder gebore? Lewis sê Eros is twee mense wat in mekaar se oë kyk, totaal en al in mekaar verdiep. Maar Philía word gebore op daardie oomblik wanneer een mens vir ’n ander sê: "Wat? Jy ook? Ek het gedink ek is die enigste een."

Vriendskap is nie twee mense wat na mekaar kyk nie. Dis twee mense wat skouer-aan-skouer staan en saam na iets buite hulleself kyk. ’n Gedeelde belangstelling, ’n gedeelde passie, ’n gedeelde oortuiging, ’n gedeelde waarheid. Dit kan enigiets wees: ’n liefde vir visvang, ’n passie vir tuinmaak, liefde vir kuns, eenderse musiek. Liefde vir dieselfde julle kinders, kleinkinders. Eros is ryker as daar ook Philía is. En vir ons, as gelowiges, is dit die grootste gedeelde visie van almal: Jesus Christus en Sy Koninkryk, Sy Woord en Sy waarheid.

Philía, is ’n onbeskryflike geskenk van God, want dit doen dinge in ons lewens wat niks anders kan doen nie...

- **Philía vier en vereis jou unieke menswees en bydrae**

Dit is so dat ’n mens in die meeste omgewings op ’n manier jou beeld bestuur, hoe sien mense my?

Maar Philía, ware vriendskap, is anders. Philía sê: ‘Jou unieke perspektief, jou spesifieke passie, is presies waarom ons jou hier wil hê, jy hoef nie diplomaties te wees omdat jy anders is nie!’

Die wonderlike ontdekking dat daardie deel van jou wat jy gedink het dalk vreemd of obskuur is—jou tagtig bundels met seëlsversamelings, jou driehonderd miniatuurbroodbome, jou liefde vir die Briels, is juis die ding is wat die vriendskap laat lewe.

En jou bydrae is nie net welkom nie; dis onmisbaar. Jy bring ’n kleur na die skildery wat niemand anders kan bring nie. As jy nie daar is nie, is die skildery nie net anders nie; dis onvolledig.

En daardie unieke jy bring ook iets unieks na vore in jou vriende. Lewis verduidelik dat wanneer een vriend in ’n groep sterf, verloor die oorblywende vriende nie net daardie een persoon nie. Hulle verloor ook die unieke deel van hulleself wat net dáárdie een vriend na vore kon bring. Wanneer ons ’n vriend verloor, sterf ’n deel van onsself saam met hom. Vriendskap is ’n spieël wat vir ons fasette van onsself wys wat ons nooit alleen sou ontdek nie.

- **Philía slyp jou om ’n beter mens te word.**

In ware vriendskap sê almal nie net vir mekaar wat hulle wil hoor nie. Dis ’n werkswinkel. Dis ’n slypsteen.

**Spreuke 27:17**

Yster slyp yster, en ’n man slyp die aangesig van sy vriend.

Wat beteken dit regtig, yster wat yster slyp? Wrywing, vonke, verandering. ’n Vriend sien die potensiaal in jou wat jy dalk self nie kan sien nie, en roep dit uit jou uit, selfs al verg dit eerlike ongemak.

**Spreuke 27:9 (OV)**

Olie en reukwerk verbly die hart, net so die aangenaamheid van ’n vriend vanweë welgemeende raad.

Ointment and perfume rejoice the heart, And the sweetness of one’s friend—from counsel of the soul. (Young’s Literal Translation)

In die oorspronklike Hebreeus is hierdie meer as ’n mooi gesegde.

Die frase wat die Ou Vertaling met “welgemeende raad” vertaal kom van twee Hebreeuse woorde: ʿēṣāh (raad) en nephesh (siel).

- **ʿēṣāh (עֵצָה): raad.** Maar hierdie raad kom uit…
- **Nephesh (נֶפֶשׁ): siel.** Vir die Hebreër was nephesh die totaliteit van jou innerlike wese: jou lewensasem, jou emosies, jou wil, jou diepste begeertes.

Wanneer Spreuke hierdie twee woorde saamvoeg, **ʿǎṣaṯ-nāpeš – “raad-van-die-siel”** is dit die raad waarin ’n vriend sy eie nephesh, sy eie siel, belê het.

Die ware “soetheid” van vriendskap, die kosbare, seldsame wete: daar is iemand wat genoeg vir jou omgee om uit sy diepste wese met jou te praat.

- 

  **Philía skep ’n bonatuurlike krag van eenheid.**

Wanneer vriende saamstaan, saam droom, saam bid en saam werk vir ’n gedeelde doel, word ’n eksponensiële krag vrygestel. Jesus het dit geweet toe Hy gesê het:

**Matthéüs 18:20**

Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.

Die teenwoordigheid van Christus in vriendskap… En in alle omstandighede…

**Spreuke 17:17a**:

Die vriend het te alle tye lief…

’n Band wat so sterk is, dit kan selfs sterker as familiebande wees.

**Spreuke 18:24b**

...maar daar is ’n vriend wat sterker aanhang as ’n broer.

Hierdie is ’n radikale stelling in die antieke wêreld waar bloedbande alles was.

Philía, wanneer dit eg en diep is, kan een van die mees standvastige sterktes in ’n mens se lewe wees.

## Die Skadukant van Philía

Maar soos al die natuurlike liefdes wat God vir ons gegee het, is Philía nie immuun teen die effek van ons sondigheid nie. Vriendskap kan in ’n giftige, vernietigende mag verander.

Philía kan in ’n dodelike, hoogmoedige donker skaduwee van homself kan ontaard.

Maar Agape, die Griekse woord vir God se verhewe, gans ander soort liefde. Nie gebaseer op wat ons in gemeen het nie, of op ons aantreklikheid of ons meriete nie. Uit die wese van God self vloei ’n onvoorwaardelike, selfopofferende, inisiërende liefde. Dis ’n liefde wat nie vra "Wat kan ek kry?" nie, maar "Wat kan ek gee?". Dit is die liefde wat Jesus na die kruis gedryf het vir ’n wêreld wat Sy vyand was.

Om Christus in jou lewe in te nooi, is om sy liefde in te nooi. Hy red nie net ons siele vir die ewigheid nie; sy liefde, Agape, verlos ook van die donker dinge wat wat sonde in en deur vriendskap kan regkry.

## Agape Verlos Philía van Manipulasie.

Oorafhanklikheid vernietig vriendskap. Dit maak iemand manipulerend, ’n emosionele bedelaar. Hy klou te styf vas, verwag te veel. En uiteindelik stoot hy mense weg met sy behoeftigheid.

Enige iets, buiten die Here, waarna ’n mens gryp om jou innerlike dors te les moet van die troon af gestoot word.

Agapé bevry ons van hierdie vernietigende armoede. Om Christus as vriend te hê is genoeg. Wanneer jy diep in jou siel weet dat jy ten volle geken, ten volle aanvaar, en ten volle geliefd is deur die Skepper van die heelal, verander alles. Jy kom na verhoudings toe as ’n vervulde mens. Jy hou op om na mense te kyk as die bron van jou waarde. Jy betree vriendskappe nie

meer om iets te kry nie, maar omdat jy oorloop met iets om te gee. Jou liefde word vry van die angstige behoefte om iets terug te verwag.

**Agape Verlos Philía van Eksklusiwiteit.**

Die einste band wat sê "ons hoort saam," kan maklik en subtiel verdraai word om te fluister: "...en júlle hoort nie by ons nie." Die verwelkomende kring van vriende word 'n geslote kliek, 'n vesting van ekslusiewe hoogmoed wat ander uitsluit.

Dit gebeur so ongemerk, veral in die kerk.

Navorsing het getoon dat een van die hoofredes waarom mense die kerk verlaat, is omdat hulle soos buitestanders voel, uitgesluit deur klieks en "heilige" binnekringe. En meestal is ons nie bewus van ons hoogemoed en wat dit aan ongelowiges doen nie...

"Pride is the only disease known to man that makes everyone sick except the one who has it."? (Bud Robinson)

Wanneer ons vriendskap ons blind maak vir die nood van diegene buite ons kring, het dit sy Godgegewe doel verloor en 'n instrument van die vyand geword.

Philía is vriendskap wat gebore word uit gemeenskapike belangstellings, passies. Daarom kan jy in 'n sin vriende wees met alle mense nie.

Maar as ons die Here vind, word Hy, en sy wil, ons grootste belangstelling. En nou omdat jy Christus se vriend is, deel jy sy groot belangstelling dat mense gered moet word. Agapé kyk na die wêreld deur God se oë. Dit sien nie "ons" en "hulle" nie. Dit sien net mense, almal geskape na God se beeld, almal verlore sonder Hom, en almal vir wie Christus gesterf het. Daarom is 'n volgeling van Jesus nooit gemaklik om in geslote kringe te beweeg nie. Ons sien die wat buite is. Eensames. Armes. Gebrokenes. Ons bid die Here vir dat Agape ons vrygewig en gasvry sal maak.

**Agape Verlos Philía van Selftevredenheid.**

Die "yster slyp yster"-beginsel werk net as vriende nederig genoeg is om geslyp te word, en dapper en liefdevol genoeg is om te slyp. Vriende, en 'n gemeente, kan 'n selftevrede subkultuur word. Almal dink dieselfde, praat dieselfde. Beïndruk met hoe reg hulle is. So 'n vriendekring kan "doof" word, nie net vir die wêreld nie, maar selfs vir die stem van God. Versterk mekaar se vooroordele, rasionaliseer mekaar se sondes, en raak immuun teen selfondersoek, teregwysing, of selfs "common sense". So het alle gevaarlike en fanatiese kultusgroepe begin

**Agape Verlos Philía van Morele Kompromie.**

**Spreuke 18:24**

’n Man met baie vriende word geruïneer...

Om vriendskap te verwar met populariteit kan tot jou ondergang lei. Hoekom? Want die behoefte om aanvaar te word, in te wees, vereis dikwels van die gewete om die prys te betaal.

Jesus se waarskuwing...

**Markus 8:38**

Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele.

Wat ’n gedagte. Lojaliteit aan vriende en vrees vir verwerping, kan my in skaamte laat wegdraai van Christus, en erger... Hom in skaamte laat wegdraai van my...

**Agape verlos Philía van Bitterheid.**

Ons almal is al deur ’n vriend verraai en verwond. Die pyn van teleurgestelde Philía...

Hoe help die Skrif ons om te deel met hierdie pynlike donkerte van Philía?

Die verterkpunt is Jesus se woorde in...

**Matthéüs 6:15**

Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

Om te weier om te vergewe, is die simptoom van ’n hart wat nog nie die diepte van sy eie redding begryp het nie. ’n Onvergewensgesinde hart is soos ’n pyp wat verstop is; as genade nie by jou uitvloei nie, kan dit ook nie invloei nie.

As ’n volgeling van Jesus Christus, het jy nie die reg om ’n wrok te koester nie. Jy het nie die opsie om met bitterheid in jou hart rond te loop nie, wraakgedagtes te koester nie, of iemand slegte dinge toe te wens nie. Die pyn van die verlede mag nie toegelaat word om die hede te vergiftig en jou gedagtes, gesprekke en gemoed te beheer nie.

Jesus gaan verder...

**Matteus 5:23-24**

As jy dan jou gawe na die altaar bring... gaan versoen jou eers met jou broer...

God stel meer belang in die herstel van jou gebroke vriendskap as in jou godsdienstige rituele. Die opdrag is pro-aktief: "Gaan eers." Die verantwoordelikheid rus op jou om die eerste tree te gee.

Maar wat maak jy wanneer vergifnis nie die deur na versoening oopsluit nie? Wat doen jy as die persoon wat jou seergemaak het, aanhou om seer te maak? Wat as die vriendskap nie net gebroke is nie, maar toksies geword het, of iemand finaal sy rug op jou gedraai het of die slegste van jou glo?

Dis hier waar baie gelowiges vasbrand. Ons moet onderskeid tref tussen vergifnis en versoening.

**Vergifnis is eensydig en onvoorwaardelik.**

**Versoening is tweesydig en voorwaardelik**.

Vergifnis is ’n wilsbesluit voor God om die skuld te kanselleer. Dit bevry jou van bitterheid. Soos die gesegde: "Om te weier om te vergewe is soos om gif te drink en te hoop die ander persoon gaan dood.”

Maar vir versoening moet die ander party gewillig wees om te werk aan die herstel van die verhouding. Dit vereis selfondersoek, berou, belydenis en bereidheid om te verander. Vertroue moet herbou word; dit word nie outomaties herstel net omdat daar vergewe is nie.

Jy kan iemand 100% vergewe, maar wysheid kan vereis dat jy nie onmiddellik weer die intieme spasie van jou lewe vir hulle oopstel nie, of dalk nooit weer nie, veral as die gedragspatroon van hardheid of woede voortduur.

Die Bybel is nie naïef oor die feit dat daar daar mense is wie se karakter en optrede vrede onmoontlik maak nie. Dit waarsku ons dat voortdurende konflik dikwels nie net ’n misverstand is nie, maar die vrug van diep, geestelike probleme in iemand se hart. Die boek Spreuke is soos ’n diagnostiese handleiding hiervoor. Dit sê...

**Twis word aangevuur deur...**

**Hoogmoed: Spreuke 13:10**

Deur vermetelheid [arrogansie, trotsheid, selfverheffing] word net twis verwek...”

**Woede: Spreuke 29:22**

’n Opvlieënde man verwek twis, en ’n driftige man is ryk aan oortreding.

**Skinder en Oneerlikheid: Spreuke 16:28**

Die man van valse streke saai tweedrag, en ’n kwaadstoker skei die beste vriende.

Jakobus neem dit selfs ’n stappie verder en sê hierdie dinge is nie net persoonlikheidsfoute nie; dit is tekens van ’n dieper geestelike wanorde:

**Jakobus 3:16**

Want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade.

En hoe kyk God na iemand wat doelbewus en aanhoudend verdeeldheid saai? Hy is nie neutraal daaroor nie. Spreuke 6 lys sewe dinge wat vir die Here ’n gruwel is, en die sewende, die klimaks, is om verdeeldheid te saai...

**Spreuke 6:16,19**

Hierdie ses dinge haat die HERE, en sewe is vir sy siel ’n gruwel ... hy wat tweedrag saai tussen broers.

So wat is die Bybelse voorskrif wanneer jy, nadat jy in jou eie hart vergewe het, maar die ander persoon wil niks met jou te doen hê nie, of bly steeds in vyandskap? Die antwoord is pynlik, maar duidelik. Dit is nie om jouself oor en oor teen dieselfde muur te stamp in die naam van "versoening" nie. Dit is om, in wysheid en liefde, afstand te skep. Dis ’n soort heilige kwarantyn.

**Romeine 16:17**

En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle.

Paulus se raad aan Titus is selfs meer direk:

**Titus 3:10-11**

’n Man wat skeuring maak, moet jy ná die eerste en tweede vermaning verwerp, omdat jy weet dat so iemand op ’n verkeerde pad is en sonde doen en selfveroordeeld staan.

Om weg te beweeg van so ’n persoon is nie ’n daad van haat of onvergewensgesindheid nie. Inteendeel, die Bybel noem dit ’n daad van eer:

**Spreuke 20:3**

Dit is ’n eer vir ’n man om van twis weg te bly...

Om ’n vriendskap te laat gaan, is een van die seerste ervarings in die lewe. Dit voel soos ’n amputasie. Dis ’n klein dood wat betreur moet word. Maar soms is daardie amputasie nodig vir die gesondheid van jou siel en vir die vrede van die gemeenskap.

Agape is dan om op te hou probeer om iemand te verander of die verhouding te red, en om hom aan God se genade en soewereiniteit oor te gee. Om daardie persoon met opregtheid en sonder bitterheid in God se hande te plaas. "Here, ek vergewe hierdie persoon. Ek laat gaan my reg op ’n verskoning of op restitusie. Werk U asseblief in hulle lewe. Seën hulle. Maar ek kan nie meer naby hulle wees nie, want die verhouding is vernietigend. Genees U my.”

Dis nie die maklike pad nie, maar dis die pad van vrede, wysheid en, uiteindelik, van ware, Christus-gesentreerde liefde.

Maar in jou eie hart en gedrag is die opdrag in Efesiërs is absoluut:

**Efesiërs 4:31-32**

Laat alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

Vergifnis is nie ’n voorstel nie; dis die basiese, daaglikse asemhaling van die Christenlewe. Dis ’n daad van die wil, ’n besluit wat ek voor God neem om die skuld te kanselleer wat ek voel iemand my skuld, omdat God in Christus ’n oneindig groter skuld vir my gekanselleer het. Hy is...

## Die Vriend wat Sterker Aanhang as ’n Broer

Die grootste Vriend wat ons ooit sal hê. Die Een wat ons eerste Sy vriende genoem het, ten spyte van ons sonde en ons gebrokenheid. Sy woorde in Johannes 15 is die hoogtepunt van alles wat ons vandag gesê het.

**Johannes 15:12-14**

Dít is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel.

Die God van die heelal kyk na ons, sy rebelse, gebroke skepsels, en sê: "Ek noem julle vriende." En Hy gee die diepte van Sy vriendskap op die mees verstommende, verbysterende manier moontlik. Hy het nie net skouer-aan-skouer met ons gestaan nie. Hy het in ons plek gaan staan. Hy het sy lewe vir sy vriende afgelê.

En vandag, en elke dag, nooi Hy ons in sy "intieme spasie”, na Philía, gedefinieer, en vervolmaak deur Agapé.

Waarmee kom jy vandag na jou Vriend toe?

As dit eensaamheid is, Hy verstaan.

As dit verwerping, woede, bitterheid, konflik is, Hy is die Prins van Vrede. Miskien moet jy weer vergewe, of dalk die besluuit neem om ’n toksiese vriendskap te termineer.

Miskien wil jy die tafel in jou huis na Hom te bring.

Miskien het jy ophou kyk, met oë van omgee, na die mense wat God oor jou pad stuur...

Mag die Here ons verlos van die oppervlakkigheid van die tyd waarin ons leef. Mag Hy, Vriend soos geen ander nie, ons ware vriendskap leer.